

Jes. 2:3- En baie volke sal heengaan en se: Kom laat ons optrek na die berg van die Here, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaië kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die Here uit Jerusalem.

Daar het die afgelope tyd telkemale stemme opgegaan dat ons kerkgeboue te duur kos, dat ons minder en goedkoper kerke moet bou en liever die geld moet gebruik vir die sending, armes, evangelisasie en ander geestelike werk. As argumente word o.a. een of meer van die volgende aangevoer: (1) Xtus self het geen kerke gebou of dit as vereiste gestel nie; trouens Hy het gese: Waar twee of drie ookal in My Naam vergader, daar is Ek in hulle midde. (2) As dit nodig word, kan 'n gemeente selfs sonder 'n kerkgebou klaarkom. Die gebou is geen vereiste vir die bestaan en bloei van 'n gemeente nie - dis tog die teenwoordigheid van God, die geloof in Christus Jesus en die inwoning van die Heilige Gees wat tel! (3) Kyk na die groot en duur katedrale van Europa: vandag staan hulle daar as blote museumstukke, as historiese monumente sonder praktiese nut vir die kerk. (4) In die laaste van die dae, so word daarop gewys, sal daar in elke geval geen kerkgebou, geen georganiseerde gemeentes meer wees nie - waarom nie noual ons daarop voorberei nie?

As antwoord wil ons dadelik erken dat die kerk altyd versigtig moet wees om nie die uiterlike te laat tel as die deurslaggewende nie, om te waak teen enige vorm van sierigheid en spandabelheid - en veral om nooit te reken dat ons die werk van die Here kan saamvat of uitvoer in die bou van 'n kerk met versuim van al die ander geestelike werksaamhede nie. Die suiwer geestelike abbeid van die kerk gaan altyd voorop en moet altyd eerste en meeste ondersteun word.

Maar dis ook nodig om daarop te let:

(1) Ons moet baie oppas dat ons nie be-invlodd word deur die koue, harde, materialistiese gees van ons tyd wat net vra: Wat is prakties? Wat is nuttig? Wat is die goedkoopste? So maklik kan dit ons verlei om ook vir God net die goedkoopste te gee, om God af te skeep met die karigste en die minste.

Hierdie tendens is 'n openbaring van die afval van die laaste dae waar alle dinge se waarde net gemeet sal word in terme van geld en klinkende munt. Nooit mag ons vergeet: 'n kerkgebou is ook 'n simbool, dit vertolk 'n boodskap aan die wereld, dit vertel hoe min of hoe baie ons dink van ons God.

(2) Die oprigting van 'n Godshuis hoef ook geen afbreuk te doen aan ons steun aan die sending e.s.m. nie. As lidmate geleer word om aan die Here af te sonder wat Hom toekom, sal daare genoeg wees vir geboue en vir alle geestelike werk wat gedoen moet word.

(3) En dan moet ons onthou dat ons nog nie aan die einde van die tyd gekom het waar die kerk onder die kruis staan nie. As God dit beskik moet ons dit aanvaar - maar intussen moet ons alles in ons vermoë doen om al die aspekte van 'n gemeente se lewe te laat bloei en vrug dra. En in die opsig het die bou van 'n kerk 'n besondere vormende en besielende waarde vir 'n jong gemeente.

Maar ook met die oog op die eindtyd waarvan die Skrif spreek het 'n kerkgebou as vergaderplek vir die gemeente 'n groot waarde - soos blyk uit die woorde van ons teksvers ( lees dit voor). Hier word verwys na die eindtyd, die Messiaanse helistaat waarheen Jesaja sy volk wys. Weliswaar was hulle nog ver daarvandaan maar in die geloof rig hy reeds hulle oog daarop, wêk hy hulle verwagting op, en roep hy hulle op om daarheen te beweeg. Dit wil Gods Woord vanmiddag ook met ons doen.

#### I. DIE OPROEP.

"En baie volke sal heengaan en se: Kom laat ons optrek..". Hier is 'n paar baie belangrike waarhede wat Jesaja deur sy profesie aan die vol van Israel wil tuisbring :

(1) Die gemeente van die Here moet 'n saantrekplek he, 'n ontmoetingspunt waar hulle God kan ontmoet en Hy vir hulle. Sonder die onderlinge samekoms kan die gemeente van die Here nooit gebou en versterk word nie.

(2) Hierdie plek moet die gemeente sien as die berg van die Here, die hoe en heilige plek waar God self verskyn, waar Hy Homself openbaar, waar Hy die gemeente toespreek - soos Sinai vir Israel was, soos die psalmis van Ps. 27 dit duidelik sien en besing.

(3) Hierdie plek is die punt waar baie volke mekaar ontmoet en waar hulle saam een boodskap sal vertolk, een bede sal laat opstyg: Kom laat ons optrek...." God wil dus vir ons laat verstaan dat alleen daar waar volkere saamgetrek is om die Woord van God, om die dinge van God, alleen daar kan rasseharmonie wees, 'n beter begrip van mekaar se lewe en probleme. Watter wonderlike bemoedigende wete dat in elke kerkgebou waar die Woord van die Here in krag verkondig word, daar kom ons nader aan die oplossing van alle probleme wat voortspruit uit rasse-spanninge en vrees!

## II. DIE VERLANGE.

"dat Hy ons sy wee kan leer en ons in sy paaie kan wandel".

3.

③ Dit d. plek waar mens. vaeke + rasse  
mekan ~~in~~ ontmoet, <sup>gods dien. sal</sup> hulle spanninge +  
batsinge - Quite d. Ev. P.K. - d.  
bask v. God geen oplossing -

II Verlange:  
begreep: -

Die behoeftes v.d. mens:

- Wat God daar wil gee:

1) ons sy mee kan sien

2) ons in sy paarie kan wandel.

Dus: 1) endering, lesing - Waarheid  
2) endeminding, bekering. - Weg

-> Is dit d. verhouding v.d. gemeente.

### III) Die Vereister:

- Redikling
- Die wet, d. zw. v. d. Here.

Popul. ~~prediking~~

Popul. preke

### Teets:

- 1) Valle w/h d. v. Gods Wo. ( teko. & Skijprekand)
- 2) Altes by Kristus bring. ju teets
- 3) Vastanheid ( herpedes )  
moestmaedig. pers.